VOORTGESETTE TEOLOGIESE OPLEIDING

by Pretoria

FLIP DU TOIT

Flip du Toit is Predikant vir Teologiese Opleiding, NG Kerk van Transvaal.

Die voortgesette teologiese opleiding was sedert sy ontstaan gedoen deur SEVTO (Sentrum vir Voortgesette Teologiese Opleiding). Verskeie direkteure het hierdie werk op 'n deeltydse basis gedoen: eers Malan Nel, toe Wil Vosloo en daarna tot die einde van 2001 Piet Meiring. Vanweë die feit dat die Fakulteit veelkerklik geword het, kon hierdie kerkeie werk nie meer deur een van die voltydse dosente behartig word nie. Daarom is die werk sedert begin van 2003 as deel van die Predikant vir Teologiese Opleiding se opdrag gesien.

Die komitee wat verantwoordelik is vir die werk (bestaande uit verteenwoordigers van al vier die Transvaalse sinodes en 'n dosent van die Fakulteit) het doelbewus besluit dat daar in 2003 geen kursus aangebied sou word nie. Daar is eers aandag gegee aan 'n professionele ondersoek wat gedoen moes word om vas te stel welke behoeftes daar spesifiek bestaan. Hierdie ondersoek is pas deur Markdata voltooi (Augustus 2003).

Daar is eers aandag gegee aan 'n professionele ondersoek wat gedoen moes word om vas te stel welke behoeftes daar spesifiek bestaan.

Daar is besluit om sodanige ondersoek te laat doen vanweë 'n paar redes: die professionaliteit, die onpartydigheid om te fokus op die belangrike, en die vertroue wat die ondersoek ook by die ondervraagdes sal inboesem. Die opdrag was om by elkeen van die 400 gemeentes in die ou Transvaal met minstens een leraar 'n telefoniese onderhoud te voer en om daarna die gegewens te kontroleer deur met 15 persone 'n in-diepte onderhoud te voer.

Die omvangryke studie bied goeie agtergrond gegewens oor, eerstens, diegene wat ondervra is: biografiese gegewens, opvoedkundige kwalifikasies, die kursusse wat die afgelope vyf jaar voltooi is.

In 'n volgende afdeling is nuttige gegewens verkry oor die bediening: tydsduur in die bediening, termyn in die huidige gemeente, groottes en aard van gemeentes, predikante en pastorale hulpe, tentmakers en wat as die hooftake gesien word.

Handige inligting is verkry oor die ondersteuning wat die onderskeie kerklike strukture bied aan die predikant. 'n Ander afdeling is gewy aan die toekomsplanne van die predikant met selfs die moontlikheid van 'n alternatiewe beroepskeuse.

Deeglike navorsing is gedoen oor die aanvanklike teologiese opleiding en hoe geskik dit was ten opsigte van die praktyk.

By die huidige voortgesette teologiese opleiding is veral gekonsentreer op die evaluering van die huidige stand sowel as die beplanning met die oog op die toekoms. Daar is ook ingegaan op wat die lengte wat kursusse moet wees sowel as die bepaalde onderwerpe, frekwensie van kursusbywoning en so meer.

Goeie terugvoer is gekry oor die leierskapstyl, tiperings en gawes van die ondervraagdes. Ten slotte was daar ook navraag gedoen oor beplanning vir aftrede.

Handig was die feit dat die statistiek telkens opgebreek is in die verskillende sinodale gebiede.

ENKELE RESULTATE:

Van die 32 tentmakers in Transvaal werk 21 in Noord-Transvaal.

By die 50% het dit al oorweeg om beslis, of in 'n mate, te skuif.

Die helfte van die predikante (51,5%) het nog glad nie oorweeg om die bediening te verlaat nie en 14,8% het dit nie regtig oorweeg nie. 'n Groep van 17,6% het dit beslis al oorweeg en 16,1% het dit in 'n mate oorweeg. Hiervan het 46,1% nie die nodige kwalifikasies om van beroep te verander nie terwyl net 4,3% besig is om hulle kwalifikasies hiervoor te verwerf.

Verblydend is dat 97,6% nog ten volle oortuig is van hulle roeping en vasberade is om voluit vir die Here te werk.

Die evaluasie van die mate waarin die aanvanklike teologiese opleiding die respondente vir die praktyk voorberei het, was onder die gemiddeld met 'n punt van 2.9 op 'n skaal van 1 tot 5.

Die behoefte aan nuwe onderwerpe vir voortgesette opleiding draai om die voorbereiding van die predikant om die gemeente suksesvol te bestuur asook om die bediening in al sy fasette te kan behartig.

Onderwerpe wat aangebied moet word om die gemeente te kan bestuur is die volgende: administrasie, finansies, personeelbestuur, studeerkamerbestuur, rekenaarkursusse, leierskap, tydsbestuur, veranderingsbestuur, vergaderingsprosedures, strategiese beplanning, menseverhoudinge en konflikbestuur.

Onderwerpe wat aangebied moet word om die bediening te behartig behels die volgende: metodiek vir prediking en pastoraat, voorbereiding vir alle dienste en bediening van die sakramente, kinder/jeugbediening, sendinguitreiking/evangelisasie, beradingstegnieke vir alle tipes probleme (huwelik, gesin, sterwensbegeleiding, rouberading, krisisberading, traumaberading). Die ideaal is om meer van gevallestudies gebruik te maak.

Die meerderheid van die respondente voel dat daar beslis (47.6%) of tot 'n mate (29.6%) vaardighede of kennis is waaroor hulle nie beskik nie, terwyl slegs 15.8% nie regtig nie en 7% glad nie so 'n behoefte ervaar nie. Verblydend is die feit dat die meerderheid van die respondente (85.5%) aangedui het dat hulle 'n behoefte het aan voortgesette opleiding, teenoor die 12% wat geen behoefte het nie en 2.6% wat onseker is.

Verblydend is die feit dat die meerderheid van die respondente (85.5%) aangedui het dat hulle 'n behoefte het aan voortgesette opleiding.

Kursusse wat fokus op nuwe uitdagings en die toepaslikheid van ons bediening en gemeente-wees in 'n nuwe era asook kursusse wat fokus op praktiese gemeenteleiding en-bediening was die wat die hoogste punte gekry het.

Die meerderheid van die respondente het aangedui dat 1 dag (32.9%) of 2 dae (31.3%) kursusse verkieslik is, terwyl 'n verdere groep 3 dae verkies (22.8%). Slegs 'n klein persentasie (6.5%) het 4 dae of 'n ander tydsduur verkies.

Die meerderheid van die respondente het mediese voorsiening (68.3%) as probleem vir aftrede geïdentifiseer. Die naas belangrikste probleem was behuising en stygende boukoste (44.5%) en daarna die handhawing in lewenstandaard/kostestruktuur (18.9%).

Die aangewese komitee wat met hierdie werk belas is sal graag wil sien dat die voortgesette opleiding bekend sal staan as **eXcelsis** (op 'n besondere manier gespel) en met as subtitel: Sentrum vir Bedieningsontwikkeling. Die bedoeling is om in 2004 deeglik af te skop met toepaslike kursusse.